# NUUSBROKKIES

## Sondag 31 Maart 2024

### LIEF EN LEED

**Beterskapwense**

Ons bid vir almal wat operasies ondergaan het of tuis aansterk of nog vir ‘n operasie in die komende week moet gaan Gods seën op ‘n spoedige herstel toe.

**Hartlike gelukwense aan die volgende predikante / professore en eggenotes met hul verjaardag**



| | |
|---|---|
| 28 Maart | Ds CJ (Innes) Nagel – GK Louis Trichardt |
| | Mev CJ (Corrie) de Beer, eggenote van dr EJ (Edmund) de Beer – GK Laeveld |
| | Mev M (Madeleen) Schutte, eggenote van ds HW (Hennie) Schutte – GK Wesrand |
| 30 Maart | Ds J (Jaco) Cronje – GK Bloempark |
| 31 Maart | Ds FF (Frikkie) Deysel – GK Venterstad |
| 1 April | Ds GS (Gerrit) Kruger – GK Centurion |
| 2 April | Mev R (Rienkies) Venter, eggenote van ds GA (Reghardt) Venter – GK Krokodilrivier |
| 3 April | Ds OL (Oageng) Moncho – GK Ikageng |
| | Mev J (Jacqueline) Floor, eggenote van ds LM (Marcel) Floor – GK Sasolburg |

**Hartlike gelukwense aan die volgende emeriti met hul verjaardae**

| | |
|---|---|
| 29 Maart | Mev D (Dicky) Venter, weduwee van dr JL (Jan) Venter – GK Pretoria-Annlin |
| | Ds SL (Sedric) Oostruis – GK Metsi a Matala |
| 1 April | Prof JH (Amie) van Wyk - TSP |
| 3 April | Mev S (Susan) Coetzee, eggenote van prof CFC (Callie) Coetzee – TSP |

Gods ryke seën word u toegewens vir die nuwe lewensjaar *(Ps 16:5, 6)*



## Verlowing

**Hartlike gelukwense aan:** Teologiese student Sibusiso Ngcobo en Minenhle Ndaba met hul verlowing op 24 Maart 2024.

## Doodsberigte



**Dr Ernst Viljoen** (broer van prof Francois Viljoen – TSP), is op 22 Maart 2024 oorlede. Hy was predikant van GK Stilfontein 1981-1985 en GK Laeveld 1985-1990. Hy verlaat die GKSA en sluit aan by die APK, waar hy predikant was van APK Outjo gemeente (wat Walvisbaai en Swakopmund insluit) en hy sluit na sy emeritaat aan by die Khomas Hochland gemeente van die GKN (wegbreek kerke in Namibië).



**Mev Annatjie de Klerk**, weduwee van ds JJ (Kosie) de Klerk (emerituspredikant van GK Boksburg), is op 25 Maart 2024 oorlede.

**Mev Wouda Coetsee**, eggenote van ds DC (Chris) Coetsee (emerituspredikant van GK Noordrand), is op 26 Maart 2024 oorlede.



**Ons innige meelewing met**

- Prof Francois en Anja Viljoen van die TSP, met die afsterwe van sy broer, Ernst.

- Mev Hester Enslin, weduwee van dr PJJS (Pieter) Enslin (GK Centurion) met die afsterwe van haar seun.


---

## *GEDAGTE VIR DIE WEEK*

Ek sê vir jou,
vandag sal jy saam met My
in die paradys wees.
*Lukas 23:43*

---

### Boekbekendstelling




Hartlike gelukwense aan proff Albert Coetsee en Francois Viljoen met:
Biblical Theological – Investigations into the Righteousness of God – Edited by Albert J Coetsee and Francois P Viljoen

Hierdie boek sal binnekort by die AdminBuro beskikbaar wees.

---



# KERKLIKE ADMINISTRASIE

**<u>Beroepe ontvang</u>**

**Rev. CMD (Mauritz) Bezuidenhoudt from the Calvary Presbytery (Presbyterian Church in America) to Grace Reformed Church of Northern Pretoria**

# Proponente beroepbaar gestel

| | |
|---|---|
|  **Proponent C.J. (Christiaan) en Marlize Swanepoel**<br>Sel: 073 769 0455<br>E-pos |  **Proponent Thina Nthangeni**<br>Sel: 072 085 7146<br>E-pos: tcnthangeni@gmail.com of nthangenit@elections.org.za |
|  **Proponent KN Lepodise (Koketso)**<br>Sel: 073 717 4394<br>E-pos: koketsolepodise@gmail.com |  **Proponent X.O. (Xolisa) en Bontle Leah Matrose**<br>Sel: 063 211 9497<br>E-pos: pastormatroseinfo@gmail.com |

---




---


TRANSORANJE INSTITUUT VIR BUITENGEWONE ONDERWYS (TOIBO)
IN GELOOF VERANKER
NPO 001-597 PBO: 130001311
INFO@TOIBO.ORG.ZA 076 143 6961 WWW.TOIBO.ORG.ZA
WIE IS TOIBO?
Christelike barmhartigheidsorganisasie gestig deur die 3 Afrikaanse susterskerke
NGK, GKSA, NHKA
WAT DOEN TOIBO?
Fondsinsameling om leerders met spesiale onderwysbehoeftes in die vyf Instituut-geassosieerde skole deur middel van fisiese hulpbronne en diens in staat te stel om hul volle potensiaal te verwesenlik.
HOE KAN JY HELP?
Donasies en skenkings van items word deurentyd benodig. Ondersteun die Instituut se fondsinsamelingsprojekte. Besoek ons webwerf en volg ons op sosiale media.
VIR WIE HELP TOIBO?
Die vyf skole gestig deur die Instituut word ondersteun om in die behoeftes van behoeftige kinders te voorsien.
13 MAART 1947
GELOOF HOOP & LIEFDE
TRANSORANJE-SKOOL VIR DOWES
AD LUCEM
HOËRSKOOL MARTIE DU PLESSIS VIR FISIESE, SEREBRAAL- EN LEERGESTREMDHEDE
PRINSHOFSKOOL
DEUR GELOOF TOT DIE LIG
PRINSHOFSKOOL VIR GESIGGESTREMDES
IN GELOOF VOORWAARTS
TRANSVALIA-SKOOL VIR EPILEPSIE EN LEERGESTREMDHEDE
GLO, LUISTER EN OORWIN
SONITUSSKOOL VIR GEHOORGESTREMDES

## Vanuit die Jeugkantoor

---

**Lees al die artikels oor Paasfees**

Maak seker jy en jou gemeente is ingeteken op die maandelikse, gratis Kruispad e-tydskrif. Die eerste Woensdag van elke maand stuur Kruispad per e-pos nuwe artikels rondom 'n spesifieke tema uit. Teken in op ons webwerf, www.kruispad.net om dit te ontvang.

Jy kan ook al die artikels op die webwerf oor bv. Paasfees gaan lees. Klik hier.

---

**Gratis aflaaibare werkkaarte vir Paasfees**

Is jy gereed vir Paasfees? Daar is nog tyd om van ons gratis werkkaarte en inkleurprente af te laai en te druk. Gaan kyk op Kruiskind se webwerf. Ons het spesiaal vir hierdie naweek se eredienste werkblaaie gemaak waarop kinders notas kan maak tydens die erediens. Kry dit hier.

Die eerste uitgawe van Kruiskind – die nuwe Slingervel – is nog beskikbaar by die Admin Buro in Potchefstroom. Dit is te koop @ R30 een. As jy nie in Potchefstroom is en dit kan kom afhaal nie, sal daar afleweringskoste bykom.

Die tweede Kruiskind sal DV einde April beskikbaar wees. Kontak Kruiskind op WhatsApp (076 575 3255) of per e-pos by hallo@kruiskind.co.za.

---

**Gratis Bybelstudieboeke nou net op die webwerf te kry**

Gaan kyk gerus op gkjeug.co.za na die Jeugdeputate se gratis Bybelstudieboekies, beskikbaar in kleur en swart en wit. Lees die pdf op 'n slimfoon, rekenaar of tablet, of druk dit uit. Ons het ongelukkig geen meer gedrukte boekies beskikbaar nie, maar ons sal laat weet sodra daar weer is.

